## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com


## ACIM 26 Mei 2014 (19h30) — Stad
## ACIM 29 Mei 2014 (19h00) — Kolping

### ETE ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail______________________________ Sel______________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **ABSA: Neo-Spektrum** | Ons vra 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **632005** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **4083481065** | Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

## 25 Mei 2014

## PSALMS VIR ELKE DAG

## FROM REGRETS TO REJOICE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ SILENT STORM — CARL ESPEN ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Juig tot eer van die Here,*
*almal op aarde!*
*Dien die Here met blydskap!*
*Kom voor Hom met gejubel!*
*Erken dat die Here God is:*
*Hy het ons gemaak en ons is Syne,*
*ons is sy volk, en die kudde van sy weide.*
*Gaan sy poorte binne met dankliedere,*
*sy tempel met lofsange,*
*dank Hom, prys sy Naam,*
*want die Here is goed,*
*aan sy liefde is daar geen einde nie,*
*sy trou duur van geslag tot geslag.*

*(Psalm 100)*

### - STILTETYD -

## — Lees: Psalm 16:5-11 —

Here, U is my lewe, U sorg vir my.
Wat ek ontvang, kom alles van U af.
'n Pragtige deel is vir my afgemeet,
ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.
Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het;
selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.
Ek het die Here altyd by my:
omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.
Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig.
U gee my nie oor aan die dood nie.
U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie.
U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap.
Uit u hand kom net wat mooi is vir ewig.

====================================================

**Die maskers wat ons dra:** ons leef so in die persepsies van wat ander van ons dink en vergeet dat ons nie hulle *'perfek'* hoef te wees nie.

**Om ander toe te laat om jou drome te bepaal:** die belangrikste vraag — *"Wie is ek?"* Dit help nie om iets of iemand anders te wil wees nie.

**Te veel negatiwiteit:** omring jou met mense wat positief is en nie mense wat op REGRETS teer en nie REJOICE waardeer nie.

**Ons almal is soms egosentries:** selfsugtigheid dra by tot REGRETS. *"Carve your name on hearts, not stone"* is van toepassing.

**Om bang te wees vir verandering en groei:** ons wil graag groei maar is bang vir verandering. Verwyte lê in die loopgraaf van vergeet wat ons potensiaal is.

**Ons gee op *when the going gets tough*:** ons verwar mislukkings met 'les geleer'; teleurstellings met 'weer probeer'. Selfs wanneer dinge nie uitwerk soos ons gehoop het nie, beteken dit nie hoop is dood nie.

**Om alles te wil beheer:** *Life should be touched, not strangled.* Ons is tog so bang ons gaan iets *verloor* dat ons angsbevange vashou aan ons beheer en so word ons slawe van obsessies.

**Weet wat *boundaries* beteken:** wees bereid om iemand halfpad te ontmoet, *without giving your power away*.

**Van uitstel kom afstel:** om te wag vir *môre* bring jou nêrens nie en is net hout op die vuur van verwyt net soos dit is om alewig te wag dat iemand anders iets sal doen en dit brandstof is op die kole van spyt.

**Staan vir iets – *develop a backbone, not a wishbone*:** daar is gewoon te veel *wishy-washy* en te min oortuiging, te veel gekla en veels te min erkenning en dankbaarheid ...



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ WHO CAN COMPARE? — JESUS CULTURE ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Die Here is my herder;
niks sal my ontbreek nie
Hy laat my neerlê in groen weivelde;
na waters waar rus is, lei Hy my heen
Hy verkwik my siel;
Hy lei my in die spore van geregtigheid,
om sy Naam ontwil.
Al gaan ek ook deur die vallei van doodskaduwee,
ek sal geen onheil vrees nie want U is met my:
u stok en u staf dié vertroos my.
U berei die tafel voor my
in die teenwoordigheid van my teëstanders;
U salf my hoof met olie; my beker loop oor.
Net goedheid en guns
sal my volg al die dae van my lewe;
en ek sal in die huis van die Here bly tot in lengte van dae.
*(Psalm 23)*

*Rejoice in the Lord always; again I will say, rejoice!
Let your gentle spirit be known to all men. The Lord is near.
Be anxious for nothing, but in everything by prayer
and supplication with thanksgiving
let your requests be made known to God. And the peace of God,
which surpasses all comprehension,
will guard your hearts and your minds in Christ Jesus.*
*– Philippians 4:4-7 –*

---

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ NUWE MAAN — LAURINDA HOFMEYR ~